

Strandgereed

BREI DIÉ PRETTIGE EN MODIEUSE RUGSAKKE VIR MA EN DOGTER OM AL JUL LOS GOEDJIES IN TE DRA

Benodigdhede

Sirdar Calypso DK of Pingouin DK (50 g-bolle), kleure na keuse: 6(8) bolle hoofkleur (M), 3(4) bolle kontraskleur (C).

Breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm; 'n knoop vir elke sak.

LET WEL: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Saprotex geen verantwoordelikheid vir voltooide werk aanvaar nie.

Spanning

Doen 'n spanningstoets. Spanning word afsonderlik by elke sak genoem.

Die regte spanning is baie belangrik. Indien daar te min steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

SPANNING: 19 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4 mm-Ne of Ne om by jou werk te pas.

Mate

BREEDTE EN DIEPTE: 19 (22) cm breed en 28 (37) cm diep.

Afkortings

alt - alternatiewe; aw - brei aweregs; beg - begin; gl1 - glip 1 st regsgewys; grtso - glip 1 st, r 1 st, trek glipsteek oor; herh - herhaal; ks - koussteek; N(e) - naald(e); oorbl - oorblywende; pat - patroon; r - brei regs; R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk; rs - reksteek;

st(e) - steek (steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; weersk - weerskante.

STEKE

ks - koussteek: r 1 ry, aw 1 ry, die r-kant is voorkant van werk.

rs - reksteek: elke ry regs.

BASIS

Gebruik 4,00 mm-Ne en M, en met werkdraad deurgaans dubbel, stel 19(25) ste op.

Brei 2 rye ks.

Brei 6 rye en vermeer 1 st aan weersk van elke ry - 31(37) ste.

Brei nog 6 rye en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry - 37(43) ste.

Brei 40(54) rye sonder vorming.

Brei 6 rye en vermin 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg alt ry - 31(37) ste.

Brei nog 6 rye en vermin 1 st aan weersk van elke ry - 19(25) ste.

Brei 2 rye ks en heg af.

HOOFDEEL

Gebruik 4,00 mm-Ne en M, en met werkdraad deurgaans dubbel, stel 150(174) ste op.

Brei ks in 'n streepvolgorde van 6(8) rye M, 6(8) rye C; brei so 72(96) rye. Gebruik M en brei 4 rye rs.

Vlg ry: Slaan oor na C, r12(15), heg 2 ste af, r8(10), [heg 2 ste af, r14(16)] 2 keer [heg 2 ste

af, r8(10)] 3 keer, [heg 2 ste af, r14(16)] 2 keer, heg 2 ste af, r8(10), heg 2 ste af, r12(15).

Vlg ry: Met C, aw13(16), stel 2 ste op, aw9(11), stel 2 ste op, [aw15(17), stel 2 ste op] 2 keer, [aw9(11), stel 2 ste op] 3 keer, [aw15(17), stel 2 ste op] 2 keer, aw9(11), stel 2 ste op, aw12(15).

Gebruik M, brei 3 rye rs en heg in vlg ry regsgewys met M af.

FLAP

(VIR KLEINSTE SAK, MAAK 2 DELE)

Gebruik 4,00 mm-Ne en M enkel, stel 27 ste op.

Brei 32 rye deurgaans ks, vermeer 1 st aan weersk van 5e ry en elke daaropvlg 6e ry tot 37 ste.

Vlg ry: r1, grtso, r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Herh laaste 2 rye nog 3 keer - 29 ste.

Heg 4 ste af aan beg van vlg 4 rye - 13 ste.

Heg af.

(VIR GROOTSTE SAK, BODEEL)

Gebruik 4,00 mm-Ne en M enkel, stel 33 ste op.

Brei 8 rye deurgaans ks.

Raadpleeg diagram, brei van 1e tot 30e ry, vermeer soos aangedui in 3e ry en elke daaropvlg 6e ry - 43 ste.

Vlg ry: r1, grtso, r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.

Vlg ry: Deurgaans aw.

Herh laaste 2 rye nog 3 keer - 35 ste.

Heg 4 ste af aan beg van vlg 4 rye - 19 ste.

Heg oorbl 19 ste af.



(VIR GROOTSTE SAK, ONDERDEEL)

Onderste deel: Soos uiteengesit vir bodeel, maar sonder ster.

RAND

Plaas 2 dele van flap met VK op mekaar, gebruik eerste 3,25 mm-N en M en steek deur albei lae, beg aan opstelrand, tel op en r 54(62) ste eweredig uit syrand tot middel van afhegry en stel 10 ste op, gebruik tweede 3,25 mm-N en tel op en r 54(62) ste eweredig oor middelrand en oor syrand tot begin - 118(134) ste.

Vlg ry: Deurgaans r.

** Gebruik C, brei 2 rye rs. Gebruik M, brei 2 rye rs.** Herh van ** tot ** nog 2 keer en heg regsgewys af.

SKOUERBANDE

Gebruik 4,00 mm-Ne en M, en werkdraad

dubbel, stel 10 ste op en brei 43(54) cm ks, eindig met 'n VK-ry en heg af.

LUS

Gebruik 4,00 mm-Ne en M, stel 10 ste op, brei 13 cm ks, eindig met 'n VK-ry en heg af.

AFWERKING

Werk sykante van hoofdeel aan mekaar vas.

Plaas naat teen middel van syrand van basis (vir agternaat), werk hoofdeel eweredig rond-om basisrand vas. Vou rand van flap na VK om en glipsteek so vas.

Plaas agternaat teen middel van flap, werk so aan borand van sak vas.

Vou bande en lus oorlangs dubbel, werk nate toe. Werk bande en lus in posisie aan sak vas.

Draai 'n koord met werkdraad 6 dubbel, ryg dit deur gaatjies boaan sak. Werk knoop vas. ☞

STERDIAGRAM

